Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

Posbus 20
Hermanus 7200

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

MEI 2016

24-uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

VAN PLAN OM EIENDOM TE KOOP/ TE VERKOOP?

VERMY ONNODIGE HOOFBREKENS: BETREK OVERSTRAND SE HOOGSBEDREWE BOU-AFDELING SOMMER VAN MEET AF AAN.

Om jou eie huis te koop - trouens, om in enige vorm van vaste eiendom te belê - is 'n groot stap wat deeglike oorweging van begin tot einde regverdig.

Kan jy jou indink hoe ongelukkig jy gaan wees as daardie langverwagte okkupasie van 'n huis wat net joune is, uitgestel moet word omdat die papierwerk onvolledig of ontoereikend is…?

Om onnodige teleurstelling te vermy, sorg asseblief dat jy Overstrand se bou-afdeling van begin tot einde betrek wanneer jy ook al oorweeg om eiendom aan te skaf of te verkoop.

As 'n span kan ons saam vasstel of goedgekeurde bouplanne op lêer is vir alle strukture op die perseel (met insluiting van swembaddens, tuinhuisies, en soortgelyke veranderings); of okkupasiesertifikate uitgereik is vir alle goedgekeurde planne op rekord, en of die titelakte aan enige beperkings onderworpe is.

Insgelyks behoort geregistreerde eienaars daarop te let dat hulle aanspreeklik gehou sal word vir enige strukture en geboue wat op hul eiendomme opgerig is en behoort kennis te neem dat enige struktuur wat sonder voorafgoedkeuring van 'n plan opgerig is, as onwettig beskou sal word.

Om seker te maak dat jou eiendomstransaksie volgens plan verloop, bring gerus 'n besoek aan Overstrand se bou-afdeling by enige van die adresse wat hieronder gelys word:

KLEINMOND:	HERMANUS:	GANSBAAI:
5de Laan 37	Paterson House 2	Hoofweg
028 271 8427	Patersonstraat 16 B	028 384 8321
	028 313 8089	

GESAMENTLIKE AFDWINGING VAN WET EN ORDE OP PAAIE 'N GROOT SUKSES

Overstrand se verkeer- en wetstoepassingsamptenare het gedurende die afgelope Paasvakansie kragte saamgesmee met hul Theewaterskloof-eweknieë, die provinsiale verkeersowerhede en die Suid-Afrikaanse Polisiediens om 'n aantal verkeerskontrolepunte te beman.

Uit-en-uit bedoel om padveiligheid tydens die Paasvakansie te verseker ('n tydstip gekenmerk deur uitermatige druk verkeer op ons paaie), is hierdie sogenaamde padblokkades met gereelde tussenpose lukraak opgerig om beide bestuurders se bevoegdheid en die padwaardigheid van hul voertuie na te gaan. As 'n voortvloeisel het hierdie padblokkades dikwels gevalle onthul waar 'n voertuig se registrasie effe "verdag" was.

As 'n noodsaaklike element van 'n geintegreerde benadering tot padveiligheid en misdaadvoorkoming in die Overberggebied het verkeerskontrolepunte daarop gefokus om die veiligheid te verseker van daardie passasiers wat van openbare vervoer gebruik moet maak (veral in soverre permitte en oorlaaiing betref), onderwyl die algemene dienlikheid van voertuie ook nagegaan is. Terselfdertyd was die bedoeling om te verseker dat ook voetgangers hulle verantwoordelik gedra en om bestuurders teen die gevare van uitputting te waarsku.

Uiteraard is spoedperke ten alle tye afgedwing en is enigeen wat onder die invloed van drank/dwelms bestuur het, op die plek gearresteer.

Deur 'n hoë sigbaarheid op alle vername toegangsroetes tot die area te handhaaf, het alle partye wat by hierdie gesamentlike poging betrokke was hul bes gedoen om te verseker dat geen noodlottige ongelukke gedurende die Paasvakansie aangemeld is nie.

ONRUS SE KARAVAANPARK LOOP SEKURITEITSKWESSIES TROMPOP

Die kampeergemeenskap by Onrus se karavaanpark word toenemend deur misdaad geteister, tot só 'n mate dat dit nou ook 'n erge bron van kommer vir bestuur is. Gedurende die Desembervakansie en tydens die afgelope Paasnaweek is sewe gevalle van geringe diefstal en vandalisme aangemeld, en baie mense het hul besorgdheid oor veiligheid uitgespreek.

In omvang ongeveer 'n kilometer met 'n grensdraad wat oor twee kilometer strek, bestaan hierdie immergewilde karavaanpark uit soveel as 250 kampeerplekke waarvan 70 op 'n semipermanente basis bewoon word. In piekseisoen kampeer tot soveel as 1 300 mense in Onrus se karavaanpark - en hulle, en hul gaste, beweeg heeldag in en uit. Die kombinasie van die see, strandmeer, inheemse melkhoutbos, fynbos en berge komplimenteer die rustigheid van hierdie baie aantreklik vakansie dorp.

Die blote aard van karavaanparke maak hulle kwesbaar vir diefstal en vandalisme. Aldus Rhyn Potgieter, die bestuurder by Onrus se karavaanpark, word karavaanparke waarskynlik as maklike teikens beskou "want die konstante vloei van bewoners, die onverhinderde toegang tot karavane en tente en die 'steelbare' goedere waarop so maklik 'n handjie gelê kan word, is al te aanloklik."

Munisipaliteit Overstrand is egter vas van voorneme om kwessies wat deur die park geïdentifiseer is, tromp op te loop en gaan van meet af aan streng toegangsbeheer by hekke toepas. Heelwat besoekers word daagliks tot Onrus se karavaanpark toegelaat, en verskeie opsies is al op die proef gestel om toegang te beheer: Hierdie wissel van individuele sleutels wat vir die toegangshek by Davies se poel uitgeryk is, tot gelamineerde naamplaatjies en gekleurde bande wat rondom die arm gedra moet word.

Voorts het die plaaslike munisipale wykskomitee 'n ad-hoc komitee onder leiding van nuutverkose wyksraadslid dr. Junita Kloppers-Lourens in die lewe geroep om werk te maak van die uitdagings en om te verseker dat Onrus se karavaanpark na behore bestuur word.

Tot dusver is drie vername uitdagings uitgewys: a) sekuriteit bly steeds die grootste uitdaging, b) daar is 'n tekort aan personeel wat ablusiefasiliteite tydens die piekseisoen kan opruim c) kapitaal gaan nodig wees om die nodige opgradering van infrastruktuur te bewerkstellig.

Bykomende seisoenale personeel is vir die Paasnaweek in diens geneem, en die feit dat hierdie fasiliteite meer dikwels skoongemaak is, het beslis gehelp.

Met die oog op die begrotingsproses, word 'n evaluering- en assessering-studie tans onderneem om te bepaal hoe die infrastruktuur verbeter kan word.

Ten opsigte van sekuriteit bly die grootste uitdaging egter steeds hoe om lukrake diefstal en skade aan tente te verhoed.

Sekuriteit is allerbelangrik, en ondanks die probleme wat met die verskaffer van sekuriteitsdienste ervaar is, is die aantal sekuriteitswagte vir die Paasvakansie verhoog en is 'n hondehanteerder en waghond ook ingespan om kampeerders se veiligheid te help verseker.

Die munisipaliteit oorweeg dit ook tans om geslotebaan-kameras op strategiese punte al langs die grensdraad aan te bring en om hierdie grensdraad van 2,4 m hoog wat in 2007 aangebring is, met lemmetjiesdraad te versterk.

Voorts is die munisipaliteit van voorneme om gedurende die feesseisoen 'n meningsopname onder besoekers aan Onrus se karavaanpark uit te voer met die oog daarop om te verseker dat hierdie park aan sy besoekers se verwagtinge voldoen.

Intussen doen kampbestuur 'n spesiale beroep op besoekers om 'n ogie te hou op persoonlike besittings wat buite karavane en tente rondlê. Die beginsel "uit die oog, uit die hart" kan met vrug toegepas word wanneer mens kampeer, en wenke oor hoe om onaangename insidente te vermy, word uitgedeel wanneer kampeerders by die karavaanpark aanmeld: Om mee te begin, moenie diewe uitlok daar waar jy kampeer nie - sorg dat kosbare besittings, in die besonder kontant, skootrekenaars en handsakke, buite sig bly en sluit hulle liefs op 'n veilige plek toe. Voorts, laat buiteligte maar eerder snags brand en sorg dat goed soos gasbottels, fietse en kajakke behoorlik beveilig is.

SKROP JY ONWETEND JOU GESIG / LYF / TANDE MET PLASTIEK?

Lees die etiket en sê NEE vir mikrokorreltjies

Mikrokorreltjies is klein stukkies plastiek wat skaars met die blote oog waargeneem kan word en wat bygevoeg word tot sekere sepe, tandepastas en skoonheidsprodukte soos gesig- en lyfpoleerders, lipstiffie en naellak. Hierdie mikroskopiese deeltjies, wat kleiner as 1 mm is, word in die drein weggespoel en is só klein dat selfs die filtreerders by waterbehandelingsaanlegte hulle nie kan "vang" nie. Die gevolg is dat duisende van hierdie deeltjies, onwetend, met elke gebruik in waterweë, baaie en die oseaan beland.

Aangesien hulle uit plastiek vervaardig word, breek hierdie deeltjies moeilik af en word dikwels verkeerdelik as kos aangesien deur soöplankton of sommer heelhuids deur filtreervreters ingesluk. Nie alle spesies is daartoe in staat om plastiek uit te skei nie; met die gevolg dat dit in sommige diere opbou tot só 'n mate dat plastiek sy weg via vis, voëls en ander seelewe al langs die voedselketting vind totdat dit uiteindelik op jou bord beland!

Om die prentjie te vererger, trek die oppervlak van hierdie plastiese mikrokorreltjies organiese gifstowwe soos DDT en PCB's (difenieletileen) uit die omliggende water aan wat dan in die diere se weefsel opgeneem kan word namate hulle die korreltjies verorber.

Vervaardigers het nie regtig nodig om plastiese mikrokorreltjies te gebruik nie. Hulle doen dit bloot omdat hierdie korreltjies goedkoper is as natuurlike alternatiewe soos fyngemaakte amandels of selfs die peule van sade en amandels se doppe, om maar 'n paar te noem.

Die meeste plastiese mikrokorreltjies word van poliëtileen (PE) vervaardig, maar wanneer jy deur daardie lysie van bestanddele lees, wees ook op die uitkyk vir bestanddele soos PET ("polyethylene terephthalate"), PP (polipropileen), PMMA ("polymethyl methacrylate") en nylon. As hierdie tipe plastiek by die lys van bestanddele ingesluit word, raai ons aan dat jy eerder omskakel na 'n produk wat van natuurlike alternatiewe gebruik maak.

Doen jou deeltjie om Overstrand vir die natuur, in watter vorm ook al, te bewaar - of dit nou op land of see is.

As jy jou sê in hierdie verband wil sê of dalk 'n bietjie advies wil aanbied, kontak Fiona Matthes gerus deur 'n e-pos te stuur aan Fionamatthes@gmail.com.

TWEE SUSSIES EN HUL BOETIE UIT ITALIË BELOOF OM HARTSNARE TE ROER

O·A·K
overstrand arts • kunste

Die opwindende jong TRIO BROZ (viool, altviool, tjello) betree weer eens die verhoog op Vrydag 20 Mei om Overstrand se musiekliefhebbers mee te voer. Konsertgangers sal hulle onthou as die broer en twee susters wat hul instrumente in perfekte harmonie bespeel! Op die program vir die aand is *Miniatures* deur Dvorak, *Intermezzo* deur Kodaly, *Serenade Op. 10* deur Von Dohnanyi, twee stukke wat deur Bellino en Ungherese aan die trio opgedra is, sowel as *Serenade Op. 9* deur Lajtha. Moenie hierdie wonderlike en beslis verrykende ervaring misloop nie!

Die konsert begin om 19:00 in die ouditorium van Hermanus se Burgersentrum en kaartjies kos R120 (R60 vir studente). Skakel BELLINI by 028 312 4988 om te bespreek. Ander navrae kan gerig word aan sekretaresse René du Plooy by 082 940 4238.

FEITE OOR VASTE AFVAL

Verlede jaar het Overstrand weer met die louere weggestap in die "Groenste Dorp"-kompetisie se kategorie vaste afval. Om as wenner in hierdie kategorie aangewys te word, verg baie meer as om bloot op 'n gereelde basis vullis by huise af te haal. Die algemene netheid van die dorpe, praktyke by aflaaiplekke en nakoming van permitvoorwaardes speel ook 'n rol, maar wat die departement van omgewingsake as allerbelangrik beskou, is die herwinningsinisiatiewe wat deur munisipaliteite aangevoor word en die manier waarop hulle bourommel komposteer. Kortom, 'n munisipaliteit se komponent "vaste afval" word in sy totaliteit geëvalueer.

Om wettig met vaste afval weg te doen, neem jaar na jaar in kompleksiteit toe weens al hoe strenger wetgewing. Dit word ook al hoe duurder.

So, byvoorbeeld, is 'n nuwe sel onlangs by Karwyderskraal teen 'n koste van R9,3 miljoen gebou. Die vereistes om só 'n sel te bou, het egter sedertdien baie strenger geword, wat beteken dat verdere uitbreidings aan hierdie grondopvullingsterrein in die toekoms aansienlik meer gaan kos.

Juis om daardie rede moet ons as Overstranders alles in ons vermoë doen om die leeftyd van die nuwe sel tot sy maksimum te verleng.

En ons vaar glad nie sleg nie. Om die waarheid te sê, in Overstrand word 39% van die vullis wat andersins vir die "ashoop" bestem sou wees, reeds herlei: Dit is die hoogste persentasie in die land!

Maar daar is altyd ruimte vir verbetering, veral gegewe die astronomiese finansiële las wat toenemend op plaaslike owerhede geplaas word om op 'n omgewingsverantwoordelike wyse met vaste afval weg te doen.

As jy jou deel wil doen, hou bloot by die volgende:

HERWIN GETROU

- Plaas alle glas, blikkies, karton en papier in die deursigtige plastieksakke wat deur die munisipaliteit voorsien word. Jy hoef jou nie oor die aard van die materiaal te bekommer nie: Herwinbare materiaal word by ons aanlegte gesorteer, en die res word na gepaste stortingsterreine gekanaliseer.

KOMPOSTEER

- Maak kompos van jou tuinafval. Om die waarheid te sê, heelwat kombuisafval kan ook na jou tuin eerder as die ashoop gekanaliseer word en help om die aarde te voed. Vir riglyne in hierdie verband, besoek http://www.wwf.org.za/act_now/green_living/at_home/make_your_own_compost/

HOU BOUROMMEL SKOON

- Deur te sorg dat 'n paar basiese reëls op jou bouperseel nagekom word, kan jy help om in die vraag na skoon dekkingsmateriaal te voorsien en verhoed dat groot volumes afvalmateriaal, wat boonop skadelik vir die natuur kan wees, elders opeindig.

GEBRUIK e-WASTE-STORTBAKKE

- Spesiale houers vir wegdoening met elektriese/elektroniese afval is oral in Overstrand aangebring: Daar's een by Gansbaai se stortingsterrein, die aflaaiplek op Stanford en by Hermanus en Kleinmond se oorlaaistasies. As jy van 'n uitgediende drukker, rekenaar, selfoon of wat ook al wil ontslae raak, laai dit hier af: Op ons beurt lewer ons die inhoud van hierdie houers aan gespesialiseerde maatskappye wat óf herwinbare onderdele red óf op 'n omgewingsverantwoordelike manier daarvan ontslae raak.

HANDEL OMSIGTIG MET BESOEDELENDE/GIFSTOWWE

- Spesiale reseptors vir gevaarhoudende/gifstowwe is by Gansbaai se stortingsterrein, Stanford se aflaaiplek en die oorlaaistasies op Hermanus en Kleinmond aangebring om met gevaarhoudende en gifstowwe weg te doen. Maak asseblief van hierdie fasiliteite gebruik om ontslae te raak van alle batterye, gloeilampe met 'n verlengde lewensduur, ou motorolie, gifstowwe, ens.

Overstrand verwelkom alle voorstelle oor hoe ons saam daaraan kan werk om vaste afval selfs verder te verminder. Rig jou voorstel aan jvantaak@overstrand.gov.za of skakel 028 313 5045.

Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

Hoe om te registreer vir die Munisipaliteit se SMS-diens

SMS jou rekeningnommer met die letters **SMS** **na 082 338 1631** of kontak 'n Kliëntediens Beampte by jou naaste tariewe hall.